Werksmetode: Gebruik van hierdie boek

Wanneer jy in hierdie boek rondblaai, sal jy sien dat die inhoud in afdelings en hoofstukke ingedeel is. Al is dit moontlik om die boek van voor tot agter deur te werk, dink ons nie dit is die beste manier van doen nie.

Ons het dus ’n paar ***temas*** uitgewerk wat gedeeltes van verskillende hoofstukke kombineer. Hierdie werkswyse sal jou in staat stel om makliker verbande tussen verskillende onderwerpe in te sien. Jy sal dus die werk baie beter verstaan.

Hoekom gebruik ons dan nog steeds hoofstukke? Die hoofstukke maak naslaanwerk makliker en dit is ook makliker om die werk volgens hoofstukke te leer vir toetse en eksamens aangesien elke hoofstuk oor ’n bepaalde onderwerp gaan. Jy *leer* deur lateraal te dink en die verband tussen die onderskeie onderwerpe te sien. Jy *studeer* deur lineêre hersiening, dit wil sê wanneer jy al die feite oor ’n sekere onderwerp in volgorde deurgaan.

In die res van hierdie gids gaan ons jou lei om deur die hoofstukke van die boek te werk.